Met tekkies op Eva se spoor

Deur Mariette van Manen

Sy het haar geel potlood vir 'n rekenaar verruil, maar Dalene Matthee se stories loop steeds met respek op moeder aarde. Mariette van Manen het met haar gaan gesels oor haar jongste boek.

Klink sy 'n glasie oor ete, is dit sjampanje. Sy dra fyn silwer armbande om haar linkerpols, knip 'n elegante silwer sigarethouer oop. Aan haar voete dra sy tekkies. “Maar dis goeie tekkies, ordentlike, dúúr tekkies,” sê Dalene Matthee. Uit respekte vir die (moeder) aarde waarop sy trap. Ek moet eers loer… Ja, haar voetgoed sal nie skrik vir klip en kluit nie. Dis vir loop, eerlik loop, soos sy met 'n storie loop, met sy mooi en sy lelik, sy soet en sy seer, sy vat aan die hart. Die Bos se siel het sy met 'n potlood ('''n géél potlood'') oopgeskryf in Moerbeibos, Fiela se kind en Kringe in 'n bos. In haar jongste roman, Susters van Eva, wat pas verskyn het, lê sy die fyn nerf van die vrou bloot, haar sterkte en haar swakte. En die potlood het sy verruil vir 'n rekenaar.

“Wonderlik, wonderlik, die vryheid wat dit mens gee vir skuif en skaaf.” Dat juis dié boek, waarin dit draai om die wese van die vrou, binne die aarts-vroulike siklustydperk van nege maande geskryf is, maak dit ekstra spesiaal. Aan hierdie “kind” het sy al daardie maande se hoeveel dae se skryf swaar maar lekker “gedra”, woord vir woord genietlik. Maar sy het haar ook ingeleef in die vier jaar se intensiewe navorsing wat die skryftyd voorafgegaan het. Sy wou altyd weet hoe 'n vrou se kop werk, sê Dalene. Hoekom sy maak soos sy maak, een ding dink en 'n ander doen.

Aanvanklik het sy net rondom Jessie gedink, die kern-vrou in die boek, wie se storie gegrond is op 'n ware gebeurtenis. Om binne-in Jessie se kop te kom, het sy heel eerste met 'n vroulike sielkundige in Londen gesels. Mettertyd, soos haar navorsing uitgebrei het, het Jessie susters gekry, want “elke vrou funksioneer op vier vlakke, ís vier in wese intellek, gevoel, sensasie, intuïsie en in elkeen is daar een wat voor loop, een wat agter loop.

“Net die vrou wat agtertoe kan kyk en die sleg en die goed bymekaar kan bring, is 'n heel vrou.”

Dalene het nie net die psige van die vrou bestudeer nie. Sy kan nou met kenners saamgesels oor die teel van stoetskape en die gewoontes, 'n mens wil amper sê die siel, van die bobbejaan. “Ooi, vrou, wyfiebobbejaan... misbruik en onderdruk... Die grootste oorlog is die oorlog tussen Man en Vrou. Die man is so bang dat die vrou sy krag sal wegvat, dat hy haar misbruik en onderdruk. Vrouwees is 'n veertig-jaar woestyn.” Met die implikasie dat die man die manna opeis wat die vrou versamel. Feminis is sy nie, keer Dalene vinnig.

“Vrouïs”, ja, wat wil sien dat die vrou sterk is, dat sy soos Souf aandring op haar vyftigsentjie, want “die man moet betáál, hy moet verstaan heuning is voorreg, nie reg nie”. Maar die vrou moet ook verantwoordelikheid aanvaar vir die “sondes van die moeders”, vir die dogter wat, dalk in oortreffende trap, uitleef wat sy as ma in haarself onderdruk het.

Haar karakters sit nooit met haar op loop nie, sê Dalene. Sy laat hulle nie toe om dit te doen nie. Voordat sy daardie eerste sin neerskryf, weet sy presies waarheen sy hulle moet vat.

“Skryf is soos swem in die see, diep, en jy word moeg en doer ver is 'n eiland wat jy moet haal. En nog 'n eiland en nog 'n eiland. As jy 'n eiland haal, kan jy 'n bietjie skiet gee, 'n bietjie rus. Soms dink jy jy is op die eiland, maar dan kom jy agter jy is nie heeltemal daar nie en jy bly spartel tot jy daardie iets uit die see haal en op sy plek in die storie sit.”

Die ding wat haar die sterkste verkeerdeveer vryf, is onreg, en dan veral onreg gepleeg teenoor 'n kind. “Want dit hou nie daar op nie, dit gaan saam met hom, lewenslank.” Onreg trap sy oop,

uit die bos, oor die eselsbrug, tot teen Jessie se berg. En hou altyd die balans tussen tekkie aan die voet en sjampanje in die glas. “Want 'n boek is in die eerste plek 'n storie, 'n storie om te vertel, 'n storie om te lees. Die res, die ander vlakke ... dit haak vanself êrens in die leser se kop vas.”

BRON: Die Burger, 14 September 1995